

# Hoofstuk 5: Kreatiewe Denke

## 1 'n Paar gedagtes oor *kreatiwiteit*:

"Dit is nie die onbevoegdes wat 'n organisasie verwoes nie. Dit is daardie mense wat voorheen iets bereik het en nou rus op hul louere, wat gedurig dinge opmors "— F. M. Young

"Om kreatief te wees moet jy iets lewer wat anders is as wat jy vantevore gedoen het. Jou resultate hoef nie oorspronklik te wees vir die wêreld nie; min resultate voldoen aan daardie maatstaf. In werklikheid word die meeste resultate gebou op die werk van ander."— Lynne C. Levesque

"Daar is geen twyfel nie dat kreatiwiteit die belangrikste menslike hulpbron van almal is. Sonder kreatiwiteit sou daar geen vooruitgang wees nie en sal ons vir altyd net dieselfde patrone herhaal."— Edward de Bono

"Kreatiwiteit is nie die vind van iets nuuts nie, maar om iets anders daaruit te kan maak."— James Russell Lowell (1819-1891)

"Die dinge waarvoor ons die bangste is in die meeste organisasies, is skommelings, versteurings, wanbalans - met ander woorde, die primêre bronne van kreatiwiteit."— Margaret J. Wheatley

"Die manier om goeie idees te kry, is om baie idees te kry en die slegtes weg te gooi."— Linus Pauling

"Kreatiewe denke is nie 'n talent nie, dit is 'n vaardigheid wat aangeleer kan word. Kreatiwiteit bemagtig mense deur hulle natuurlike vermoëns te verbeter en wat dan spanwerk, produktiwiteit en soms selfs winste verbeter."— Edward de Bono

"Ander het gesien wat "is" en gevra waarom? Ek het gesien wat "kan wees" en gevra waarom nie? "

— Pablo Picasso

"Om nuwe vrae te vra, nuwe moontlikhede te identifiseer, om ou probleme vanuit 'n nuwe hoek te bekyk, vereis kreatiewe verbeelding en dui op werklike vooruitgang in die wetenskap."— Albert Einstein

"As jy nie die onverwagte verwag nie, sal jy dit nie vind nie... "— Heraclitus

### Aktiwiteit 1:

Gebruik bogenoemde gedagtes oor kreatiewe denke om jou eie definisie van kreatiwiteit te formuleer. Deel jou definisie met die klas en voeg by jou definisie dié oulike dele van jou klasmaats wanneer hulle dit aanbied.


## 2 Die 3 P-model van Kreatiwiteit

Die 3 P-model van Kreatiwiteit is eerste bekendgestel in 1995 deur Gouger. Dit is 'n maklike en eenvoudige manier om kreatiwiteit vanuit 'n entrepreneurs oogpunt te verduidelik en is belangrik vir ons in die Besigheidstudiesklas, omdat kreatiwiteit een van die noodsaaklike kenmerke is van 'n suksesvolle entrepreneur!

Hierdie model bestaan uit drie sleutelemente:

- Persoon
- Proses
- Produk


### 2.1 Persoon:




- Die *persoon* (entrepreneur/intreprenuer en sy/haar span) is die belangrikste komponent van die kreatiwiteitsproses in 'n besigheidsomgewing.
- Mense sê dikwels: "Ek is nie kreatief nie," maar kreatiwiteit is 'n vaardigheid wat aangeleer kan word en ontwikkel word met tyd.
- Die brein word verdeel in twee kante, nl. die regter- en die linkerkant:



- Die linkerkant van die brein laat die volgende tipes denke toe:




- Die regterkant van die brein betrek die volgende tipes denke:



**Aktiviteit 2:**

Wanneer jy probleme oplos, gebruik jy meesal jou regter- of linkerkant van jou brein? Motiveer jou antwoord. Onthou: Daar is nie 'n korrekte of verkeerde antwoord nie. Ons is almal uniek!

- Voordat ons verder oor linker-en regterbreindenke dink, moet ons eers verstaan wat dit verg om 'n kreatiewe persoon te ontwikkel. Die volgende drie faktore vorm deel van 'n kreatiewe persoon:



<b>Kundigheid:</b>	Dit sluit in 'n persoon se kennis, vaardighede en ervaring wat in 'n sekere situasie toegepas kan word. Kennis, vaardighede en ervaring word verkry deur opleiding, vorige ervarings van take, of deur interaksie met mense. Kundigheid is dus iets wat geleer en verbeter kan word met tyd.
<b>Motivering:</b>	Motivering kan beskryf word as 'n katalisator wat 'n handeling aanmoedig - in hierdie geval moedig dit 'n persoon aan om op te tree. Die persoon WIL probeer om 'n probleem op te los en hy/sy sal dink en die probleem ontleed tot dit opgelos is. Motivering in sy sterkste vorm is die persoon se interne behoefte om iets nuut en uniek te ontwikkel. Eksterne faktore kan sekerlik ook mense motiveer ('n beloning), maar as die beloning weggeneem word, is die persoon dikwels nie langer gemotiveerd as die motivering nie intrinsiek is nie.
<b>Kreatiewe denkvaardighede:</b>	Die wyse waarop 'n mens dink, speel 'n groot rol in die manier waarop die persoon 'n probleem sal benader en uiteindelik 'n probleem oplos. Mense ontleed situasies en probleme op spesifieke maniere en kombineer dan verskillende idees op verskillende maniere om 'n probleem op te los. Dit is hoekom tien verskillende mense met tien verskillende idees vorendag sal kom om dieselfde probleem op te los.

### **Aktiwiteit 3:**

- 1 Bespreek hoe jy onlangs jou kennis, vaardighede en ervaring gebruik het om 'n probleem, wat jy teëgekome het, op te los.
- 2 As jy nou voor dieselfde probleem te staan sou kom, hoe sal jy die probleem anders benader? Gee drie idees.